

# RIGLYNE VIR MELKBOERE

## om magtiging en registrasie vir watergebruik te verkry



*“Deur verantwoordelikheid te aanvaar, doen ons doeltreffende stappe om ons doel te bereik: ‘n inklusiewe menslike samelewing op ‘n bewoonbare planeet, een wat vir alle lewe werk. Deur verantwoordelikheid te aanvaar, beweeg ons nader daaraan om ‘n wêreld te skep wat vir almal werk.” – Sharif M. Abdullah*

Nou, meer as ooit, besef Suid-Afrikaners dat ons skaars waterbronne onder toenemende druk verkeer. As ons ‘n volhoubare toekoms wil bou, is die doeltreffende en verstandige gebruik van water noodsaaklik. Die landbou-sektor is nie net ‘n belangrike rolspeler in Suid-Afrika se ekonomie nie, maar gebruik ook tot 60% van die land se watervoorrade. Landbou speel ‘n deurslaggewende rol om die gehalte van beide oppervlak- en grondwaterbronne in stand te hou en moet stappe neem om die doeltreffendheid van watergebruik te verbeter.

### 1. Regsraamwerk

Die Nasionale Waterwet (NWW, 36 van 1998) verskaf die regsraamwerk vir die doeltreffende en volhoubare bestuur van ons waterbronne. Al is water ‘n natuurlike hulpbron wat aan alle mense behoort, erken die Wet dat die diskri-

minerende wette en praktyke van die verlede gelyke toegang tot en gebruik van water verhoed het. Die Wet verleen aan die nasionale regering algehele verantwoordelikheid vir en gesag oor die nasie se waterhulpbronne: om die gebruik van water te bestuur; watergehalte te beskerm; die water toe te ken en die geïntegreerde bestuur van waterbronne met die deelname van alle belanghebbendes te bevorder.

Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) is die bewaarder van Suid-Afrika se waterbronne. Die Minister van Water en Sanitasie is namens die nasionale regering die openbare trustee van waterbronne en het oorhoofse verantwoordelikheid vir alle aspekte van waterbronbestuur in Suid-Afrika. Die DWS is verantwoordelik daarvoor om te bepaal hoeveel water, deur wie en waar gebruik word om te meet hoeveel water inderwaarheid beskikbaar is vir gebruik.



## 2. Kategorieë vir watergebruik

Daar is vier kategorieë waterregte wat die grondslag vorm van die wetlike reg tot water.

### ➔ 2.1 Skedule 1

Skedule 1-watergebruike is oor die algemeen lae-volume, lae-impakaktiwiteite wat saamhang met huishoudelike gebruik, watervoorsiening aan vee, ontspanningsgebruik en die gebruik van water vir noodsituasies. Hierdie watergebruik is toelaatbaar en verg nie lisensiering of registrasie nie.

### ➔ 2.2 Bestaande wettige gebruik

Voordat die NWW in 1998 gepromulgeer is, is watergebruik deur die Waterwet (54 van 1956) beheer. As 'n algemene reël word alle

watergebruik voor 1998 ingevolge die NWW as bestaande wettige gebruik geag. Toepaslike rekords soos ontwerpe vir besproeiingsinfrastruktuur moet egter in plek wees om te bewys dat die watergebruik voor 1998 bestaan het en die bestaande wettige gebruik moet deur die DWS geverifieer en geldig verklaar wees. Alle bestaande wettige gebruike moet geregistreer wees.

### ➔ 2.3 Algemene magtiging

Daar is 'n Regeringskennisgewing (GN) vir elke watergebruikaktiwiteit wat die grense en voorwaardes stel waarvoor 'n watergebruik ingevolge 'n algemene magtiging toelaatbaar is. 'n Algemene magtiging vervang die behoefte dat 'n watergebruiker ingevolge artikel 21 van die NWW om 'n lisensie aansoek moet doen.

| Watergebruik  | GN Nr. en datum  |
|---|--|
| <p><b>Berging en besproeiing van afvalwater</b><br/> <i>Let wel – die algemene magtiging maak voorsiening vir die afvoer van afvalwater vanaf melkboerdery-aktiwiteite tot slikdamme wat op of buite die perseel is en vir besproeiing met afvalwater onder spesifieke toestande, byvoorbeeld:<br/>           Die slikdam moet meer as 100 m weg van 'n stroom en meer as 500 m van 'n vleiland wees.</i></p> | <p>GN 665, September 2013<br/> <i>Hersiening van algemene magtigings ingevolge artikel 39 van die NWW.</i><br/> <a href="http://extwprlegs1.fao.org/docs/pdf/saf126916.pdf">extwprlegs1.fao.org/docs/pdf/saf126916.pdf</a></p>   |
| <p><b>Onttrekking van oppervlakwater en grondwater</b><br/> <i>Let wel – voorsiening word gemaak dat verskillende volumes volgens die algemene magtiging onttrek mag word, na gelang van die kwaternêre opvanggebied waarbinne die plaas geleë is.</i></p>  | <p>GN 538, 2 September 2016<br/> <i>Hersiening van algemene magtiging om water te neem en te berg.</i><br/> <a href="http://www.kwanalu.co.za/wp-content/uploads/2016/11/40243_gen538.pdf">www.kwanalu.co.za/wp-content/uploads/2016/11/40243_gen538.pdf</a></p>    |
| <p><b>Belemmer/keer vloei weg binne waterloop of opvanggebied</b><br/> <i>Let wel – hierdie regeringskennisgewing brei die vereistes vir watergebruiklisensie uit na alle ontwikkelings van medium- tot hoërisiko binne 500 m van 'n vleiland.</i></p>  | <p>GN 509, 26 Augustus 2016<br/> <i>Belemmer of keer die vloei van water in 'n waterloop (artikel 21(c)), of verander die bedding, oewer, loop of eienskappe van 'n waterloop (artikel 21(i)) van die NWW.</i><br/> <a href="http://www.gov.za/sites/www.gov.za/files/40229_gen509.pdf">www.gov.za/sites/www.gov.za/files/40229_gen509.pdf</a></p>  |
| <p><b>Berging van skoon water (damme)</b><br/> <i>Let wel – verskillende volumes mag volgens algemene magtiging geberg word, na gelang van die kwaternêre opvanggebied waarbinne die plaas geleë is.</i></p>  | <p>GN 538, 2 September 2016<br/> <i>Hersiening van algemene magtiging om water te neem en te berg.</i><br/> <a href="http://www.kwanalu.co.za/wp-content/uploads/2016/11/40243_gen538.pdf">www.kwanalu.co.za/wp-content/uploads/2016/11/40243_gen538.pdf</a></p>    |



'n Algemene magtiging word aan 'n spesifieke ligging gekoppel, met verskillende grense wat per kwaternêre opvangsgebied gestel word. Die algemene magtigings wat moontlik op melkboere van toepassing kan wees, word op bladsy 2 gelys.

### ➔ 2.4 Watergebruiklisensie

Artikel 21 van die NWW lys alle watergebruik-aktiwiteite wat 'n watergebruiklisensie vereis en is onderworpe aan 'n aansoek om 'n watergebruiklisensie te bekom wat vereis word as:

- die watergebruik die grense van skedule 1 oorskry;
- die watergebruik ná 1998 plaasgevind het/ beplan is om ná 1998 plaas te vind (nuwe watergebruik);
- die watergebruik die grense wat uiteengesit word in die regeringskennisgewing oor algemene magtigings oorskry.

Die volgende landboubedrywighede is voorbeelde van watergebruik wat moontlik 'n watergebruiklisensie vereis:

Die aansoek vir watergebruiklisensie-proses sluit 'n openbare deelnameproses, sterk BBSEB-motivering en spesialisstudies in (bv. geohidrologies, hidrologies, vloedlyn, waterloopafbakening verrekeningstudies) om die volhoubaarheid van die voorgestelde watergebruik te bepaal. 'n Omvattende verslag moet aan die DWS vir goedkeuring voorgelê word, onderworpe aan die beskikbaarheid van vrylopende water in die opvangsgebied. Die aansoeker is verantwoordelik vir alle onkoste wat tydens die aansoek vir watergebruiklisensie-proses aangegaan is.



| Watergebruik-aktiwiteit volgens NWA   | Potensiële relevansie   |
|---|---|
| Artikel 21 (a)<br>Neem water uit 'n waterbron.  | Onttrekking uit 'n rivier, boorgat of dam in beduidende volumes, soos vereis vir kommersiële landbou.                   |
| Artikel 21 (b)<br>Berging van water.  | Berging in damme (skoon water) in betekenisvolle volumes soos vereis vir kommersiële landbou.                           |
| Artikel 21 (c)<br>Belemmer of keer die vloei van water in 'n waterloop weg.                         | Konstruksie van damme in die stroom; konstruksie van brûe en keerwalle.   |
| Artikel 21 (d)<br>Neem deel aan 'n aktiwiteit wat die stroomvloei verminder.                        | Bebossing (komersiële hout).  |
| Artikel 21 (e)<br>Neem deel aan 'n beheerde aktiwiteit.   | Besproeiing met afvalwater buite die grense wat in die regeringskennisgewing oor algemene magtiging uiteengesit word.   |
| Artikel 21 (g)<br>Raak ontslae van afval op 'n manier wat 'n nadelige impak op 'n waterbron kan hê. | Konstruksie van septiese tenks en dreineerputte wat verbind word met melkerye, personeelbehuising, kantore, ensovoorts. |
| Artikel 21 (i)<br>Verander die bedding, oevers, loop of eienskappe van 'n waterloop.                | Konstruksie van damme in die stroom; konstruksie van brûe en keerwalle.   |



### 3. Registrasie van watergebruike


Alle waterregte/goedkeurings soos hierbo uiteengesit (behalwe dié onder skedule 1) moet by die DWS geregistreer wees. Dit vorm die grondslag van die administrasie en rekordhoudingstelsel van die nasionale watertoekenning.

Let daarop dat 'n registrasie nie dieselfde as 'n waterreg of goedkeuring is nie! Dit wil sê, onwettige watergebruik (d.w.s. watergebruik wat nie onder skedule 1, bestaande wettige gebruik, algemene magtiging val nie of nie gelisensieer is nie) kan nog steeds geregistreer word. Die registrasiedokument stel dit dat 'wettigheid nog bepaal moet word'. Hierdie dokumente moenie met waterregte verwar word nie!

#### → 3.1 Registrasieproses

Die registrasieproses word deur die soort watterverbruik bepaal, maar bestaan gewoonlik uit die volgende stappe:


- Voorlegging van registrasie-aansoek op die toepaslike vorms aan DWS.
- DWS assesseer die aansoek.
- Registrasie van watergebruik word aangeteken op grond van die:
  - bestaande wettige gebruik;
  - algemene magtiging;
  - watergebruiklisensie; of
  - wettigheid wat nog bepaal moet word.



Alle persone of liggame wat moet registreer kan by die volgende skakel in verbinding tree met enige van die streekskantore van die DWS: [www.dwa.gov.za/Projects/WARMS/contacts.aspx](http://www.dwa.gov.za/Projects/WARMS/contacts.aspx).



Daar is geen registrasiefooi nie. Sodra dit ingevul is, word 'n getekende registrasiesertifikaat uitgereik aan watergebruikers wat suksesvol geregistreer is en sal betaling vir watergebruik begin.



### 4. Verifiërings- en bekragtigingsproses

Die DWS onderneem tans 'n verifiërings- en bekragtigings (V&V)-proses, terwyl hulle van een opvangsgebied na die volgende oor die land heen beweeg. Die doel van die verifiërings- en bekragtigings is om alle bestaande wettige gebruikers te verifieer, om watergebruik teenoor waterregistrasies te bepaal, asook as om die wetlikheid van nuwe watergebruike (ná-1998) te bepaal. Enige afwykings tussen verbruik en wetlike toekenning sal uitgewys word.

### 5. Slotopmerkings

Boere word aangemoedig om hulle volledig op hoogte te bring met die verifiërings- en bekragtigingsproses as 'n manier om hul bestaande wettige gebruik op die plaas te verseker. Die DWS-webwerf bevat verskeie insiggewende brosjures as u meer klarigheid oor bogenoemde wil hê. Boonop kan u met spesialiskonsultante in aanraking kom om met die proses te help.

Al is die regsraamwerk om wetlike watertoekennings te verkry glad nie eenvoudig nie, kan die belang daarvan nie oorbeklemtoon word nie. Groter druk op waterbronne en groter monitoring deur die DWS of daar aan die vereistes voldoen word, gaan beslis in die toekoms plaasvind.

### 6. Navrae

Melkprodusente wat hulp nodig het met die magtiging en registrasie van watergebruik kan Barbara Bieldt by 012 843 5600 skakel of 'n e-pos stuur na [barbara@mpo.co.za](mailto:barbara@mpo.co.za).

